KLEIN KAROO
Klassique
9 - 11 Aug 2024
Oudtshoorn · klassique.co.za
FEESPROGRAM • FESTIVAL PROGRAMME
RUPERT-MUSIEKSTIGTING
ATKV

DAILY PROGRAMME • DAGPROGRAM

Date	Time	Title	Venue	Duration	Price
9 August	08:00	Historiese wandeltoer	Vanaf N.G. Moederkerk	120 min	R150
9 August	**09:30**	**Music from the Silk Road for Cello and Piano**	**Civic Centre**	**60 min**	**R160**
9 August	10:30	Music discussion: Music from the Silk Road for Cello and Piano	Banqueting Hall	45 min	Free
9 August	11:00	Olyf tot olyfolie	De Rustica Olive Estate	60 min	R100
9 August	11:30	*Karoo Kaarte* Exhibition and Walkabout	Banqueting Hall	30 min	Free
9 August	**13:00**	**Ensemble Masana**	**Civic Centre**	**60 min**	**R160**
9 August	14:00	Music discussion: Ensemble Masana	Banqueting Hall	45 min	Free
9 August	14:00	Olyf tot olyfolie	De Rustica Olive Estate	60 min	R100
9 August	15:30	Little Maestro's: Classical Concerts for Families	Banqueting Hall	45 min	Free
9 August	**19:00**	**The Prayer**	**Civic Centre**	**60 min**	**R160**
10 August	08:00	Historiese wandeltoer	Vanaf N.G. Moederkerk	120 min	R150
10 August	**09:30**	**Odeion Strykkwartet: Ode aan 30 jaar van demokrasie en 15 jaar van Klein Karoo Klassique**	**Civic Centre**	**60 min**	**R160**
10 August	10:30	Music discussion: Odeion Strykkwartet	Banqueting Hall	45 min	Free
10 August	11:00	Olyf tot olyfolie	De Rustica Olive Estate	60 min	R100
10 August	11:30	*Karoo Kaarte* Exhibition and Walkabout	Banqueting Hall	30 min	Free
10 August	**13:00**	**Sometimes it takes two**	**Civic Centre**	**60 min**	**R160**
10 August	14:00	Music discussion: Sometimes it takes two	Banqueting Hall	45 min	Free
10 August	14:00	Olyf tot olyfolie	De Rustica Olive Estate	60 min	R100
10 August	15:30	Little Maestro's: Classical Concerts for Families	Banqueting Hall	45 min	Free
10 August	**16:30**	**Triumph of Sound**	**NGK Park**	**60 min**	**R160**
10 August	17:30	Music discussion: Triumph of Sound	NGK Park	45 min	Free
10 August	**19:00**	**Klein Karoo Klassique Gala Concert**	**Civic Centre**	**80 min**	**R160**
11 August	08:00	Historiese wandeltoer	Vanaf N.G. Moederkerk	120 min	R150
11 August	**09:30**	**Cape Town Baroque Trio: Narratives**	**Civic Centre**	**60 min**	**R160**
11 August	10:30	Music discussion: Cape Town Baroque Trio	Banqueting Hall	45 min	Free
11 August	11:30	*Karoo Kaarte* Exhibition and Walkabout	Banqueting Hall	30 min	Free
11 August	**13:00**	**Lig op die horison met die Suid-Kaap Kinderkoor en Joshua na die Reën**	**Civic Centre**	**60 min**	**R160**
11 August	14:30	Little Maestro's: Classical Concerts for Families	Banqueting Hall	45 min	Free
11 August	**16:00**	**Bach, Brahms & Bolling**	**Civic Centre**	**80 min**	**R160**

GENERAL INFORMATION • ALGEMENE INLIGTING

Join the conversation with Charl du Plessis • Gesels saam met Charl du Plessis

The ever-popular Steinway pianist Charl du Plessis is our host at this year's Klein Karoo Klassique. Join him as he engages in conversations with artists upstairs in the Banqueting Hall following selected recitals. This is not only the perfect opportunity to learn more about the music performed on stage, but to engage in conversation with some of South Africa's foremost classical musicians. Audiences will also have two opportunities to see Charl on stage: On Saturday 10 August August with Nina Schumann, Megan-Geoffrey Prins and Esthea Kruger for ***Sometimes it takes two***, as well as ***Bach, Brahms & Bolling*** on Sunday 11 August when the Charl du Plessis Trio is joined on stage by renowned cellist, Peter Martens.

Die immergewilde Steinway-pianis Charl du Plessis is vanjaar se gasheer by Klein Karoo Klassique. Sluit by hom aan wanneer hy bo in die Banketsaal in gesprek tree met kunstenaars na afloop van uitgesoekte uitvoerings. Dit is nie net die perfekte geleentheid om meer oor die musiek wat op die verhoog uitgevoer word te leer nie, maar ook om in gesprek te tree met verskeie van Suid-Afrika se voorste klassieke musici. Gehore het ook twee geleenthede om vir Charl op die verhoog te sien: Op Saterdag 10 Augustus saam met Nina Schumann, Megan-Geoffrey Prins en Esthea Kruger in ***Sometimes it takes two*** en ***Bach, Brahms & Bolling*** op Sondag 11 Augustus wanneer die Charl du Plessis-trio die verhoog met die befaamde tjellis, Peter Martens deel.

Tickets • Kaartjies

Tickets are available online at Webtickets, in-store at your nearest Pick n Pay or at the KKNK office. Tickets will also be sold at the door before every performance, subject to availability.

Kaartjies is aanlyn beskikbaar by Webtickets, by jou naaste Pick n Pay of die KKNK-kantoor. Beskikbare kaartjies word ook voor elke optrede by die deur verkoop, onderhewig aan beskikbaarheid.

Klassique Package • Klassique-pakket

See all ten recitals at Klein Karoo Klassique 2024 with one affordable ticket package, at a saving of 25%. Be sure to book your Klassique package and don't miss a single note at this year's festival. Only a limited number of packages are available at R1 200 each. They sell fast, so book yours as soon as possible!

Sien al tien uitvoerings by Klein Karoo Klassique 2024 met een bekostigbare kaartjiepakket, boonop teen 'n besparing van 25%. Maak seker jy bespreek jou Klassique-pakket en mis nie 'n enkele noot by vanjaar se fees nie. Daar is slegs 'n beperkte aantal pakkette beskikbaar teen R1 200 elk. Spring gou, hulle verkoop vinnig uit!

Accommodation • Verblyf

For more accommodation options in and around Oudtshoorn, click here to book your stay online through our accommodation partner, LekkeSlaap.

Vir meer verblyfopsies in en om Oudtshoorn, klik hier en bespreek aanlyn deur ons verblyfvennoot, LekkeSlaap.

Friends of the KKNK • Vriende van die KKNK

Friends of the KKNK receive yearlong exclusive benefits for projects like Klein Karoo Klassique, the KKNK and Teksmark, which include discount on ticket prices and first access to programme content. Visit www.kknk.co.za/en/friends-of-the-kknk/ to become a Friend of the KKNK or www.kknk.co.za for more information.

Vriende van die KKNK ontvang regdeur die jaar eksklusiewe voordele tydens projekte, waaronder Klein Karoo Klassique, die KKNK en Teksmark. Hierdie voordele sluit onder andere afslag op kaartjiepryse en eerste toegang tot programinligting in. Besoek www.kknk.co.za/vriende-van-die-kknk/ om 'n Vriend van die KKNK te word of www.kknk.co.za vir meer inligting.

MUSIEK • MUSIC

Music from the Silk Road for Cello and Piano

WITH ***Berthine van Schoor (cello) and Megan-Geoffrey Prins (piano)***

Berthine van Schoor and Megan-Geoffrey Prince take the audience on an exotic and imaginary journey through several countries of the Ancient Silk Road: Rich in colour, texture, and style – like an intricately woven magic carpet, ending with a feisty and jazzy sonata by acclaimed Turkish pianist, Fazil Sae. The Silk Road began in North-Central China. A caravan track stretched west along the Great Wall of China, across the Pamirs, through Afghanistan, and into the Levant and Anatolia. Some of the routes went through Persia, India and over the Caucasus mountains, with a length of approximately 6,400 km. Join the artists as they travel from China to Central Asia, India, Persia, Georgia, Armenia, and Turkey. The recital is followed by a free music discussion with the artists upstairs in the Banqueting Hall.

MET ***Berthine van Schoor (tjello) en Megan-Geoffrey Prins (klavier)***

Berthine van Schoor en Megan-Geoffrey Prins neem die gehoor op 'n eksotiese en verbeeldingryke reis deur verskeie lande van die antieke Sjinese syroete: Ryk in kleur, tekstuur en styl – soos 'n komplekse geweefde towertapyt, wat eindig met 'n lewendige en jazzagtige sonate deur die bekroonde Turkse pianis, Fazil Sae. Die Sjinese syroete het in Noord-Sentraal Sjina begin. 'n Karavaanspoor het weswaarts gestrek langs die Groot Sjinese Muur, oor die Pamir-berge, deur Afghanistan en tot in die Levant en Anatolië. Sommige van die roetes het deur Persië, Indië en oor die Kaukasus-berge gegaan, met 'n lengte van ongeveer 6,400km. Sluit aan by die kunstenaars terwyl hulle van Sjina na Sentraal-Asië, Indië, Persië, Georgië, Armenië en Turkye reis. Die uitvoering word gevolg deur 'n gratis musiekgesprek met die kunstenaars bo in die Banketsaal.

Vrydag 9 Augustus 09:30
60 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

Ensemble Masana

WITH ***Mareli Stolp (piano), Rikus Coetsee (saxophone) and Handri Loots (flute)***

Ensemble Masana was established in June 2023 by Mareli Stolp (piano), Rikus Coetsee (saxophone) and Handri Loots (flute). All seasoned chamber musicians, the members of this trio have been performing regularly across South Africa and abroad and are now embarking on a combined musical journey as Masana, the Tsonga term for "sunshine". They present a varied programme of music by international and South African composers, showcasing the wide range of possibilities for all three instruments in duo and trio format. The recital is followed by a free music discussion with the artists upstairs in the Banqueting Hall.

MET ***Mareli Stolp (klavier), Rikus Coetsee (saksofoon) en Handri Loots (fluit)***

Ensemble Masana is in Junie 2023 deur Mareli Stolp (klavier), Rikus Coetsee (saksofoon) en Handri Loots (fluit) gestig. Dié trio se lede is elkeen gesoute kamermusikante wat gereeld regoor Suid-Afrika en in die buiteland optree en nou 'n gesamentlike musikale reis as Masana, die Tsonga woord vir "sonskyn", begin het. Hulle bied 'n uiteenlopende program van musiek deur internasionale en Suid-Afrikaanse komponiste aan, wat die wye verskeidenheid moontlikhede vir al drie instrumente in duo- en trio-formaat tentoonstel. Die uitvoering word gevolg deur 'n gratis musiekgesprek met die kunstenaars bo in die Banketsaal.

Vrydag 9 Augustus 13:00
60 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

Little Maestros: Classical Concerts for Families

WITH ***Magdalene Minnaar (violin), Rosamund Ender (cello) and Esthea Kruger (piano)***

Classical music is a brilliant developmental tool for children under the age of seven, boosting brain development and concentration. With this concert, aimed specifically at our younger listeners, we offer a relaxed environment where little ears learn through Mozart, Bach and other well-known classical songs. These immersive recitals are tailormade with kids in mind, and includes a lot of interaction and explanation, as well as participation and moving with the music! Well-known works including "Four Seasons" by Vivaldi and "Eine Kleine Nachtmusik" by Mozart will be heard.

MET ***Magdalene Minnaar (viool), Rosamund Ender (tjello) en Esthea Kruger (klavier)***

Klassieke musiek is 'n briljante hulpmiddel in die ontwikkeling van kinders onder die ouderdom van sewe, wat breinontwikkeling en konsentrasie bevorder. Met hierdie konsert, spesifiek gemik op ons jonger luisteraars, bied ons 'n ontspanne omgewing waar klein oortjies leer deur Mozart, Bach en ander bekende klassieke musiek. Hierdie interaktiewe uitvoerings is saamgestel met kinders ingedagte en sluit hope interaksie en verduidelikings, asook deelname en beweging saam met die musiek in. Bekende werke soos Vivaldi se "Vier Seisoene" en Mozart se "Eine Kleine Nachmusik" word gespeel.

Vrydag 9 Augustus 15:30
45 min.
Gratis
Banketsaal

The Prayer

WITH ***Magdalene Minnaar (soprano) and Esthea Kruger (piano)***

Two of South Africa's top classical musicians, soprano Magdalene Minnaar and pianist Esthea Kruger, present a meditative programme of prayers from the greater art song repertoire. This extraordinary collection includes Ravel's "Kaddisch" and Schubert's "Ave Maria", and features works by Bach, Fauré, Messiaen and Britten, amongst others. In the troubling times we are facing in the world, this recital offers a refuge for the soul through the universal language of music.

MET ***Magdalene Minnaar (sopraan) en Esthea Kruger (klavier)***

Twee van Suid-Afrika se voorste klassieke musici, sopraan Magdalene Minnaar en pianis Esthea Kruger, bied 'n nadenkende program van gebede uit die groter repertorium van kunsliedere aan. Hierdie uitsonderlike versameling sluit Ravel se "Kaddisch" en Schubert se "Ave Maria" in, asook werke van onder andere Bach, Fauré, Messiaen en Britten. In die uitdagende tye wat ons tans in die wêreld beleef, bied hierdie uitvoering 'n toevlug vir die siel deur die universele taal van musiek.

Vrydag 9 Augustus 19:00
60 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

Odeion Strykkwartet: Ode aan 30 jaar van demokrasie en 15 jaar van Klassique

WITH ***Samantha Durrant (violin), Sharon de Kock (violin), Jeanne Louise Moolman (viola) and Anmari van der Westhuizen (cello)***

Join the Odeion String Quartet for a musical journey that explores various dimensions of democracy, cultural society and musical heritage. This recital offers a rich palette of sound experiences, carefully curated to reflect the past 30 years of democracy in South Africa and 15 years of Klein Karoo Klassique in a meaningful way. Diverse music including "Komeng" by Mokale Koapeng, "Song of the African Spirits" by Stefans Grové and "String Quartet Op. 76 No. 3", commonly known as the "Emperor Quartet" by Joseph Haydn are included. The recital is followed by a free music discussion with the artists upstairs in the Banqueting Hall.

MET ***Samantha Durrant (viool), Sharon de Kock (viool), Jeanne Louise Moolman (altviool) en Anmari van der Westhuizen (tjello)***

Sluit aan by die Odeion Strykkwartet vir 'n musikale reis wat verskeie dimensies van demokrasie, kulturele samelewing en musikale erfenis ondersoek. Dié uitvoering bied 'n ryk palet van klankervarings, sorgvuldig saamgestel om die afgelope 30 jaar van demokrasie in Suid-Afrika en 15 jaar van Klein Karoo Klassique op 'n betekenisvolle wyse te weerspieël. Diverse musiekwerke soos "Komeng" van Mokale Koapeng, "Song of the African Spirits" van Stefans Grové en "String Quartet op. 76 no. 3", algemeen bekend as die "Keiser-kwartet" deur Joseph Haydn word ingesluit. Die uitvoering word gevolg deur 'n gratis musiekgesprek met die kunstenaars bo in die Banketsaal.

Saterdag 10 Augustus 09:30
60 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

Sometimes it takes two

WITH ***Nina Schumann (piano), Esthea Kruger (piano), Megan-Geoffrey Prins (piano) and Charl du Plessis (piano)***

Sometimes one piano isn't enough. Add another and you have a real celebration! From two pianists to four: Experience this exhilarating collaboration by four of South Africa's foremost pianists when they unleash

40 fingers on two grand pianos with their classical mastery. Don't miss this very special piano recital, followed by a free music discussion with the artists upstairs in the Banqueting Hall.

MET ***Nina Schumann (klavier), Esthea Kruger (klavier), Megan-Geoffrey Prins (klavier) en Charl du Plessis (klavier)***

Soms is een klavier nie genoeg nie. Voeg nog een by en jy het 'n fees! Van twee pianiste tot vier: Ervaar die ongelooflike samewerking deur vier van Suid-Afrika se voorste pianiste wanneer hulle 40 vingers op twee vleuelklaviere loslaat met hul klassieke bemeestering. Moenie hierdie baie spesiale klavieruitvoering misloop nie, gevolg deur 'n gratis musiekgesprek met die kunstenaars bo in die Banketsaal.

Saterdag 10 Augustus 13:00
60 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

Little Maestros: Classical Concerts for Families

WITH ***Magdalene Minnaar (violin), Rosamund Ender (cello) and Esthea Kruger (piano)***

Classical music is a brilliant developmental tool for children under the age of seven, boosting brain development and concentration. With this concert, aimed specifically at our younger listeners, we offer a relaxed environment where little ears learn through Mozart, Bach and other well-known classical songs. These immersive recitals are tailormade with kids in mind, and includes a lot of interaction and explanation, as well as participation and moving with the music! Well-known works including "Four Seasons" by Vivaldi and "Eine Kleine Nachtmusik" by Mozart will be heard.

MET ***Magdalene Minnaar (viool), Rosamund Ender (tjello) en Esthea Kruger (klavier)***

Klassieke musiek is 'n briljante hulpmiddel in die ontwikkeling van kinders onder die ouderdom van sewe, wat breinontwikkeling en konsentrasie bevorder. Met hierdie konsert, spesifiek gemik op ons jonger luisteraars, bied ons 'n ontspanne omgewing waar klein oortjies leer deur Mozart, Bach en ander bekende klassieke musiek. Hierdie interaktiewe uitvoerings is saamgestel met kinders ingedagte en sluit hope interaksie en verduidelikings, asook deelname en beweging saam met die musiek in. Bekende werke soos Vivaldi se "Vier Seisoene" en Mozart se "Eine Kleine Nachmusik" word gespeel.

Saterdag 10 Augustus 15:30
45 min.
Gratis
Banketsaal

Triumph of Sound

WITH ***Lynelle Kenned (soprano), Stefan Lombard (pipe organ) and Paul Loeb van Zuilenburg (trumpet)***

The majestic sounds of a soprano voice, the brilliance of a trumpet, and the mighty pipe organ intertwine in a programme spanning centuries. Embark on a unique journey across the rich tapestry of classical music. Experience a spectrum of emotions – from the triumphant Baroque brilliance of Bach, Vivaldi, and Handel, to Mozart's genius and the introspective beauty of Puccini. Soloists showcase their virtuosity, while different combinations of ensemble bring them together for exciting duets and soaring soprano arias, in both original works and special arrangements. Don't miss the captivating exploration of the power and nuance of this unique ensemble. The recital is followed by a free music discussion with the artists in the church.

MET ***Lynelle Kenned (sopraan), Stefan Lombard (pyporrel) en Paul Loeb van Zuilenburg (trompet)***

Die majestueuse klanke van 'n sopraanstem, die glans van 'n trompet en die kragtige pyporrel word verweef in 'n program wat oor eeue strek. Vertrek op 'n unieke reis deur die ryk tapisserie van klassieke musiek. Beleef 'n reeks emosies – van Bach, Vivaldi en Handel se triomfantlike en briljante Barok-komposisies, tot Mozart se genialiteit en die introspektiewe prag van Puccini. Die soliste vertoon hulle virtuositeit, terwyl verskillende ensemble-kombinasies hulle bymekaarbring vir opwindende duo's en hoë sopraan-arias, in beide oorspronklike werke en spesiale verwerkings. Moenie hierdie bekoorlike verkenning van die krag en nuanse van hierdie unieke ensemble misloop nie. Die uitvoering word gevolg deur 'n gratis musiekgesprek met die kunstenaars in die kerk.

Saterdag 10 Augustus 16:30
60 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)

Ingesluit in die Klassique-pakket
NGK Park

Klein Karoo Klassique Gala Concert

WITH ***the Cape Town Festival Chamber Orchestra, Samson Diamond (violin) and Richard Cock (conductor)***

Well-known musician and conductor Richard Cock and the Cape Town Festival Chamber Orchestra are joined on stage by outstanding violinist Samson Diamond for a concert which features Mozart's beautiful Violin Concerto No. 4, as well as favourite light classics by Johannes Brahms, Johann Strauss, Fritz Kreisler, and a tribute to George Gershwin to celebrate 100 years since "Rhapsody in Blue" was written. A tribute to Ludwig van Beethoven who wrote his "Symphony No. 9" 200 years ago is also included on the programme. Celebrated musicians have been specially assembled for the Cape Town Festival Chamber Orchestra at this year's Klein Karoo Klassique.

MET ***die Kaapstad Feeskamerorkes, Samson Diamond (viool) en Richard Cock (dirigent)***

Die bekende musikant en dirigent Richard Cock en die Kaapstad Feeskamerorkes is op die verhoog te sien saam met uitstaande violis Samson Diamond vir 'n Galakonsert wat onder andere Mozart se pragtige Vioolkonsert No. 4 insluit, asook ander ligte klassieke gunstelinge deur Johannes Brahms, Johann Strauss, Fritz Kreisler en 'n huldeblyk aan George Gershwin ter viering van 100 jaar sedert hy "Rhapsody in Blue" geskryf het. Ludwig van Beethoven wat sy "Simfonie nr. 9" 200 jaar gelede geskryf het, word ook gehuldig. Gevierde musikante is spesiaal byeengebring vir die Kaapstad Feeskamerorkes by vanjaar se Klein Karoo Klassique.

Saterdag 10 Augustus 19:00
80 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

Cape Town Baroque Trio: Narratives

WITH ***Annien Shaw (baroque violin), Ralitza Macheva (baroque violin) and Rosamund Ender (viola da gamba)***

The Cape Town Baroque Trio explores various methods of instrumental narration from the baroque era. The baroque practices of affect, rhetoric, allegory and symbolism are demonstrated in the programme, where seasoned baroque instrumentalists Annien Shaw (baroque violin), Ralitza Macheva (baroque violin) and Rosamund Ender (viola da gamba) perform works by Corelli, Biber, Telemann, and Vivaldi. They also showcase an innovative new composition for baroque instruments by Antoni Schonken. The recital is followed by a free music discussion with artists upstairs in the Banqueting Hall.

MET ***Annien Shaw (barokviool), Ralitza Macheva (barokviool) en Rosamund Ender (viola da gamba)***

Die Kaapstad Baroktrio verken verskeie metodes van instrumentele vertelling uit die barokera. Die barokpraktyke van affek, retoriek, allegorie en simboliek word in dié program gedemonstreer, waar ervare barokinstrumentaliste Annien Shaw (barokviool), Ralitza Macheva (barokviool) en Rosamund Ender (viola da gamba) werke van Corelli, Biber, Telemann en Vivaldi uitvoer. 'n Innoverende nuwe komposisie vir barokinstrumente deur Antoni Schonken word ook tentoongestel. Die uitvoering word gevolg deur 'n gratis musiekgesprek met kunstenaars bo in die Banketsaal.

Sondag 11 Augustus 09:30
60 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

Lig op die horison met die Suid-Kaap Kinderkoor en Joshua na die Reën

WITH ***the South Cape Children's Choir directed by Jan-Erik Swart and guest artist Joshua na die Reën***

The award-winning South Cape Children's Choir, directed by Jan-Erik Swart, join forces with popular Joshua na die Reën for the first time, in an unforgettable musical journey with *Lig op die horison*. The South Cape Children's Choir is well-known to Klein Karoo Klassique audiences, performing in sold out recitals at the festival. It is the first time Joshu na die Reën is seen on stage here and this recital promises to be a highlight on the festival programme.

MET ***die Suid-Kaap Kinderkoor onder leiding van Jan-Erik Swart en gaskunstenaar Joshua na die Reën***

In *Lig op die horison* span die bekroonde Suid-Kaap Kinderkoor, onder leiding van Jan-Erik Swart, vir die eerste keer kragte saam met die gewilde Joshua na die Reën vir ’n onvergeetlike musikale reis. Gehore by Klein Karoo Klassique is welbekend met die Suid-Kaap Kinderkoor, wat reeds in uitverkoopte uitvoerings by dié fees te sien was. Joshua na die Reën is vir die eerste keer by Klassique op die verhoog en hierdie uitvoering beloof om ’n hoogtepunt op die feesprogram te wees.

Sondag 11 Augustus 13:00
60 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

Little Maestros: Classical Concerts for Families

WITH ***Magdalene Minnaar (violin), Rosamund Ender (cello) and Esthea Kruger (piano)***

Classical music is a brilliant developmental tool for children under the age of seven, boosting brain development and concentration. With this concert, aimed specifically at our younger listeners, we offer a relaxed environment where little ears learn through Mozart, Bach and other well-known classical songs. These immersive recitals are tailormade with kids in mind, and includes a lot of interaction and explanation, as well as participation and moving with the music! Well-known works including “Four Seasons” by Vivaldi and “Eine Kleine Nachtmusik” by Mozart will be heard.

MET ***Magdalene Minnaar (viool), Rosamund Ender (tjello) en Esthea Kruger (klavier)***

Klassieke musiek is ’n briljante hulpmiddel in die ontwikkeling van kinders onder die ouderdom van sewe, wat breinontwikkeling en konsentrasie bevorder. Met hierdie konsert, spesifiek gemik op ons jonger luisteraars, bied ons ’n ontspanne omgewing waar klein oortjies leer deur Mozart, Bach en ander bekende klassieke musiek. Hierdie interaktiewe uitvoerings is saamgestel met kinders ingedagte en sluit hope interaksie en verduidelikings, asook deelname en beweging saam met die musiek in. Bekende werke soos Vivaldi se “Vier Seisoene” en Mozart se “Eine Kleine Nachmusik” word gespeel.

Sondag 11 Augustus 14:30
45 min.
Gratis
Banketsaal

Bach, Brahms & Bolling

WITH ***Peter Martens (cello), Charl du Plessis (piano), Werner Spies (double bass) and Peter Auret (drums)***

The French jazz pianist Claude Bolling changed the musical landscape with works where classical musicians could play jazz. His works became instant favourites and the Suite for Cello and Jazz Trio combine styles like swing and blues. The Cello Sonata in E minor by Brahms will be heard in its original format, as well as the Bach Solo Suite for cello no. 2 with a twist. This work will be transformed with the addition of a jazz soundscape by the Charl du Plessis Trio. A true eclectic mix of jazz and classical sounds in a new crossover combination for the music connoisseur.

MET ***Peter Martens (tjello), Charl du Plessis (klavier), Werner Spies (kontrabas) en Peter Auret (tromme)***

Die Franse jazz-pianis Claude Bolling het die musikale landskap verander met werke waar klassieke musikante jazz ook kon speel. Sy werke het onmiddellik gunstelinge geword en die Suite vir tjello en jazz-trio kombineer style soos swing en blues. Brahms se Tjello sonate in E-mineur word in sy oorspronklike formaat gehoor, asook Bach se solo Suite vir cello no. 2 met ’n *twist*. Hierdie werk word getransformeer deur die Charl du Plessis-trio met die toevoeging van ’n jazz-klanklandskap. ’n Ware eklektiese vermenging van jazz en klassieke klanke in ’n nuwe *crossover* kombinasie vir die connoisseur van musiek.

Sondag 11 Augustus 16:00
80 min.
R160 • R150 (Vriende van die KKNK)
Ingesluit in die Klassique-pakket
Burgersentrum

KLEIN KAROO-ERVARINGS

Historiese wandeltoer

PRESENTED BY ***Roydin Engelbrecht from RJ Tours***

This comfortable walking tour visits important architectural buildings in Oudtshoorn. One example is the Dutch Reformed Moederkerk, where construction began in 1860 and concluded in 1879. Wear comfortable walking shoes and warm clothing.

AANGEBIED DEUR ***Roydin Engelbrecht van RJ Tours***

Op dié gemaklike staptoer word daar besoek afgelê by belangrike argitektoniese geboue op Oudtshoorn. Een hiervan is die N.G. Moederkerk waar bouwerk in 1860 begin het en in 1879 voltooi is. Dra gemaklike stapskoene en warm klere.

Vrydag 9 Augustus 08:00 •
Saterdag 10 Augustus 08:00 •
Sondag 11 Augustus 08:00
120 min.
R150
Vertrek vanaf N.G. Moederkerk (h.v. Hoog- en Kerkstraat) en eindig by Queen's Hotel

Karoo Kaarte Exhibition and Walkabout

WITH ***amongst others Colin Meyer, Tayla Damons, Diano October, Melikhaya Blou, Mcagory Joshua Snel, Gladwin Nombande, Tiffany Saterdaght and Charisa Esau.***
FACILITATOR AND CURATOR
Vaughn Sadie

Join the *Karoo Kaarte* team for a walkabout on this groundbreaking multidisciplinary arts programme, founded in Oudtshoorn in 2021. Artworks from their latest exhibition, *Argief*, which opened at the KKNK in 2024, are included, in addition to more information about the *Karoo Kaarte* app. This exciting smartphone app is an interactive archive of childhood memories and stories about the lost and public spaces of Oudtshoorn. *Argief* is compiled from the *Karoo Kaarte* project archive, inspired by artworks created during the various public participation processes and works created by the visual arts team for the various creative outcomes from 2023 and 2022.

MET ***onder andere Colin Meyer, Tayla Damons, Diano October, Melikhaya Blou, Mcagory Joshua Snel, Gladwin Nombande, Tiffany Saterdaght en Charisa Esau.***
FASILTEERDER EN KURATOR
Vaughn Sadie

Sluit aan by die *Karoo Kaarte*-span vir 'n rondleiding oor dié grensverskuiwende multidissiplinêre kunsteprogram wat sedert 2021 op Oudtshoorn lewe kry. Kunswerke uit hul nuutste uitstalling, *Argief*, wat in 2024 by die KKNK geopen het, word ingesluit, asook meer oor die *Karoo Kaarte*-app. Hierdie opwindende slimfoon-app is 'n interaktiewe argief van herinneringe uit mense se kinderdae en staaltjies oor verlore en openbare ruimtes van Oudtshoorn. *Argief* is saamgestel uit *Karoo Kaarte* se projekargief, geïnspireer deur kunswerke wat tydens die verskeie openbaredeelnameprosesse geskep is, asook werke wat deur die visuelekuns-span vir die vele kreatiewe uitkomste uit 2023 en 2022 gemaak is.

Vrydag 9 Augustus 11:30 •
Saterdag 10 Augustus 11:30 •
Sondag 11 Augustus 11:30
30 min.
Gratis
Banketsaal

Olyf tot olyfolie

PRESENTED BY Megan Stuurman from De Rustica

"You will never know what bad olive oil tastes like, until you have tasted a good one."

De Rustica's Estate Collection Coratina olive oil was named the world's best olive oil in 2023 at the Evooleum competition in Spain. This tour and tasting offers a warm, friendly and educational experience where participants learn how olive oil is grown, harvested and produced. Whether you are a connoisseur of olive oil or not – this is a fantastic tour for anyone who wants to see more of the famous De Rustica Olive Estate. A short video provides insight into the history of the olive industry in South Africa, after which a professional and experienced tour guide accompanies the group to the olive grove and provides more information about the estate, the olive trees and different cultivars. Guests also visit the olive mill, which includes an informative tour to the Alfa Laval press. A unique olive oil tasting experience is something you won't soon forget. Different styles of olive oil from different vintages and varieties are tasted. There is no better way to learn more about the secrets of olive oil than at De Rustica Olive Estate.

AANGEBIED DEUR Megan Stuurman van De Rustica

"Jy sal nooit weet hoe 'n slegte olyfolie proe voordat jy 'n goeie een geproe het nie."

De Rustica se Estate Collection Coratinaolyfolie is in 2023 as die wêreld se beste olyfolie aangewys by die Evooleum-kompetisie in Spanje. Hierdie toer en proe bied 'n warm, vriendelike en leersame ervaring waar deelnemers leer hoe olyfolie verbou, geoes en produseer word. Of jy nou 'n fynproewer van olyfolie is of nie – dit is 'n fantastiese toer vir elkeen wat meer van die bekende De Rustica Olive Estate wil sien. 'n Kort video bied insig in die geskiedenis

van die olyfbedryf in Suid-Afrika, waarna ’n professionele en ervare toergids die groep vergesel na die olyfboord en meer inligting verskaf oor die landgoed, die olyfbome en verskillende kultivars. Gaste besoek ook die olyfmeule, wat ’n insiggewende toer van die Alfa Laval-pers insluit. ’n Unieke proe-ervaring van olyfolie is iets wat jy nie gou sal vergeet nie. Verskillende style van olyfolie van verskillende oesjare en variëteite word geproe. Daar is nie ’n beter manier om meer oor die geheime van olyfolie te leer as by De Rustica Olive Estate nie.

Vrydag 9 Augustus 11:00 en 14:00
• Saterdag 10 Augustus 11:00 en 14:00
60 min.
R100
De Rustica Olive Estate, Oudemuragie-pad, De Rust (35 km buite Oudtshoorn)